Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

OKTOBER 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

STAATMAKERS SKITTER BY GLANSGELEENTHEID

WENNERS EN FINALISTE. Voor: Sheraine van Wyk, Annelie Jonker, Dinah Johnson, Ena Geldenhuys, Corrie Gerber, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Zaan Cilliers, Hannie Morgan en Ilze Smith. Links agter: Stefné van Dyk, Duncan Heard, Frikkie Zeelie, Clayton Francis, Theo Krynauw, Jack Bold, Chris Adams, Lesley Richardson, Tommy Volkwyn, Anchelle Damon en Joseph Strider wat die sertifikaat namens Lean Terblanche ontvang het. Afwesig: Vuyiswa Pike en Jason Stonehewer.

Op Dinsdagaand 26 Augustus 2014 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie tydens Overstrand se jaarlikse Aand van Uitnemendheid spesiale eer betoon aan daardie lede van die gemeenskap by wie die kuns '*om uit jou pad te gaan*' 'n gewoonte geword het. By dié geleentheid het nie minder nie as negentien staatmakers toekennings ontvang vir hulle uitsonderlike diens teenoor hulle medemens en hulle volgehoue pogings om die omgewing te beskerm.

Vrou van die Jaar, 2014

Deur enigiets van vervoer tot kos te verskaf en sonder skroom na-ure of oor naweke 'n besoek aan huis te bring om 'n drup te help vervang, het **Ena Geldenhuys**, koördineerder van tuisgebaseerde sorg in Gansbaai, tot menige kankerpasiënt se redding gekom. Op 'n heel ander noot, gebruik **Stefné van Dyk** van Bettysbaai en vanjaar se naaswenner, haar musiekagtergrond om hart en siel te vernuwe deur eindelose ure te spandeer om kinders musiekafrigting te gee sonder vergoeding en skenk selfs musiekinstrumente! **Dinah Johnson**, in die derde plek, is 'n afgetrede leerkrag van Hawston wat selfs op die ouderdom van 70 haar weg oopsien om klasse aan te bied vir kinders vanuit die omgewing wat dalk 'n bietjie ekstra hulp nodig het. Ander finaliste in hierdie kategorie was Annelie Jonker, Corrie Gerber, Hannie Morgan, Ilze Smith, Lean Terblanche, Vuyiswa Pike en Zaan Cilliers.

Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, 2014

Veertien jaar gelede het **Jack Bold** die verlate Fernkloof-tuine oorgeneem en dit omskep in die suksesvolle inheemse kwekery wat dit vandag is. Met meer as 250 verskillende spesies in voorraad, spog die kwekery ook met 'n fynbos- en aroma-tuin en het onlangs selfs die toevoeging van 'n boom- en struiktuin beleef - alles te danke aan Jack se liefde vir die inheemse.

Naaswenner, **Sheraine van Wyk**, bestuur Whale Coast Conservation se ekoleer-funksie. Voorts het sy verskeie opvoedingsprogramme by skole van stapel gestuur, en bedryf ook 'n aantal burger-wetenskap-projekte waaronder die monitering van paddas. Die voorsitter van die Fernkloof-adviesraad, **Duncan Heard**, het vanjaar die derde plek verower en verdien erkenning vir die uitsonderlike werk wat hy op die terrein van geïntegreerde omgewingsbestuur verrig.

Burgemeesterstoekenning vir Uitnemendheid, 2014

Spesiale erkenning vir hulle buitengewone bydrae op die terreine van kuns, kultuur, sport, handel en welsyn, of bloot omdat hulle as inspirasie dien vir die mense van Overstrand om altyd uitnemendheid in hul handel en wandel na te streef, is verleen aan: Anchelle Damon, Chris Adams, Clayton Francis, Frikkie Zeelie, Jason Stonehewer, Lesley Richardson, Theo en Angie Krynauw en Tommy Volkwyn.

Ons salueer julle!
Mag ons almal daarna streef om julle voorbeeld na te volg.

REËL JY 'N GELEENTHEID?
ONTHOU OM VIR BRANDWEER-HEFFINGS TE BEGROOT!

Organiseerders van feeste en ander sportgeleenthede word daaraan herinner dat toestemming om die geleentheid aan te bied, onderhewig is aan 'n inspeksie en die uitreiking van 'n goedkeuringsertifikaat deur die brandweerafdeling teen 'n koste van R200 wat vooruitbetaalbaar is. Voorts beloop die lewering van bystandsdienste in die vorm van brandweerwaens en brandbestryders R1 000 per geleentheid.

Die nodige aansoekvorms (verkrygbaar vanaf Carllinn Jansen by 028 313 5041) moet ingevul en tesame met bewys van betaling ingedien word alvorens die vereiste inspeksie uitgevoer sal word. Dit staan organiseerders vry om bystandsdienste vooraf te versoek, maar 'n finale besluit oor die behoefte aan sodanige dienste sal ten tye van 'n vergadering met die reëlingskomitee geneem word.

Regstelling: Waardasies

Die Augustus 2014 Bulletin het verkeerdelik aangedui dat daar voor 30 September 2014 beswaar teen eiendomswaardasies aangeteken kan word. Daar is tans geen waardasierol wat oop is vir publieke insae met die oog op die aanteken van beswaar nie. Die waardasierol kan besigtig word by **www.overstrand.gov.za**. 'n Eiendom se waardasie ook op die maandelikse verbruikersrekening verskyn. Enige navrae oor waardasies kan gerig word aan mev. **Carien de Beer** by **028 313 8133 of enquiries@overstrand.gov.za.**

Met die ingebruikneming van **die nuwe Preekstoel-bio-filtreringsaanleg** op Dinsdag 19 Augustus 2014 is Groter Hermanus se grootmaat-watervoorsieningstelsel nou ten volle in bedryf. As die eerste volskaalse aanleg van sy soort in Suid-Afrika, gebruik hierdie omgewingsvriendelike waterbehandelingsaanleg minder chemikalieë, bespaar elektrisiteit en verminder waterverliese tydens die behandelingsproses. Oorhoofs is kapasiteit in Groter Hermanus nou vanaf 24 tot 38 Mℓ/dag verhoog met water wat in grootmaat aan sowat 18 000 huishoudings vanaf Fisherhaven tot Voëlklip voorsien word. Dikwels na verwys as die "vlagskip-projek" onder Overstrand se kapitaalwerke, het die totale koste van hierdie projek R87 miljoen beloop, waarvan R20,6 miljoen deur die Departement van Water en Sanitasie se RBIG-program (streektoekennings vir grootmaatinfrastruktuur) bygedra is.

BOOMPLANTWEEK

Ter ondersteuning van Nasionale Boomplantweek vanaf 1 - 7 September het raadslede en lede van wykskomitees aktief gehelp om ons dorpe 'te vergroen' deur 'n handjie by te sit met die aanplant van sowat 60 inheemse bome wat goedgunstiglik deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geskenk is. Vanjaar se boom van die jaar was die bekende inheemse Wildepruim, terwyl twee seldsame spesies - die Swartbas en die Klokkiesboontjieboom - ook in die kollig gedeel het. Hier hou Overstrand se tuinboukundige Lauren Rainbird, Areabestuurder Kat Myburgh en Onder-Burgemeester Pieter Scholtz 'n wakende ogie onderwyl leerders aan die Gansbaai Academia een van die bome plant.

MAAK NADER KENNIS MET JOU MUNISIPALITEIT

Die jaarlikse munisipale tentoonstelling gaan weereens deel wees van die Walvisfees vanaf 3-6 Oktober vanjaar. Die gedagte is om aan munisipale amptenare die geleentheid te bied om met die publiek te meng en op 'n praktiese, eerstehandse manier te demonstreer hoe Overstrand hom daartoe verbind om 'n sentrum van uitnemendheid te wees vir almal in wie se diens hy staan.

Direktorate soos finansies, plaaslike ekonomiese ontwikkeling, bestuursdienste, infrastruktuur en beplanning, beskermingsdienste en gemeenskapsdienste gaan hulle '*ware*' ten toon stel, terwyl sommige van ons eksterne vennote soos '*Working on Fire*' wat ook 'n vername rol in die area vervul na verwagting by ons sal aansluit. Die sukses van die jaarlikse tentoonstelling kan deels toegeskryf word aan die feit dat munisipale amptenare en die algemene publiek hierdeur die geleentheid kry om rustig in 'n ontspanne, feestelike atmosfeer met mekaar in interaksie te tree. Oorhoofs is die geleentheid 'n wonderlike wedersydse leergeleentheid wat help om geloofwaardigheid te verleen aan die rol wat plaaslike regering in mense se alledaagse bestaan vervul.

Personeel sal daagliks vanaf 09:00 tot 16:00 by die onderskeie stalletjies aan diens wees om besoekers te verwelkom en vrae te beantwoord. Ons sien daarna uit om jou te ontmoet!

Beperkings op tenkerdienste herroep

Volgende op die uitslag van sekere voorlopige ondersoeke sal die Raad nie meer vanaf 1 Julie 2014 suigtenkdienste tot 'n maksimum van twee uitroepe gedurende kantoorure per maand beperk nie. By die Raadsver-gadering wat op 27 Augustus gehou is, is daar besluit dat tarief SE7A1 en tarief SE7A5 ooreenkomstig gewysig moet word.

Mike Bartman, adjunk-direkteur: gemeenskapsdienste, het gesê die Raad voorsien nou dat 'n geteikende benadering gevolg sal word om voorsieningte maak vir die 10% van gebruikers wat 'n uitermatige aantal suigtenk-dienste in die loop van 'n maand versoek. Dit sal behels dat waterverbruik met die hoeveelheid riool wat verwyder is, vergelyk word sowel as dat eiendomme visueel geïnspekteer sal word om onwettige stormwaterverbindings en defektiewe rioolinstallasies te identifiseer.

Waar oortredings van die tersaaklike verordeninge bespeur word, sal stappe geneem word.

Om nadere besonderhede en/of advies in hierdie verband, kontak **enquiries@overstrand.gov.za.**

WERK VIR JEUG IN VASTE-AFVAL

Die Nasionale Departement van Omgewingsake het 'n '*Werk vir Jeug in Vaste-Afval*' projek bekend gestel aan al die munisipaliteite van die Wes-Kaap. Die fokus van die *Werk vir Jeug in Vaste-Afval* projekte is nie alleen werksgeleenthede nie, maar ook om die jeug te bemagtig vir 'n beter kans op permanente werksgeleenthede. Hulle sal gebruik word in die volgende kategorieë: Vaste-Afval administrasie, Stortingsterreinadministrasie, Omgewingsbewusmakingsprojekte en as algemene werkers. Overstrand Munsipaliteit is ingenome om die geleentheid te hê om jeug uit ons area op te lei om omgewingsbewusmaking te doen vir opheffing en bemagtiging van ons gemeenskappe. Die werwingsproses is reeds voltooi en inwoners word gevra om hulle samewerking aan hierdie jong mense te gee. Hierdie projek sal vir een jaar duur, met 'n moontlikheid om dit vir 'n verdere jaar te verleng.

STADSBEPLANNING GESENTRALISEER

Munisipaliteit Overstrand gee hiermee kennis dat die stadsbeplanningsafdeling vanaf 1 September 2014 gesentraliseer is. Dit kom daarop neer dat dié afdeling se kantore op Gansbaai en Kleinmond voortaan vanuit Hermanus bedryf sal word. Die kantore is geleë te Patersonstraat 16, en telefoniese navrae kan gerig word aan 028 313 8900.

PARKERING VOORTAAN AMPTELIK GEREGULEER

Vanaf 5 September 2014 het Overstrand 'n nuwe verordening op parkeringbeheer. Van toepassing op alle persele wat op openbare eiendom geleë is, lê dié verordening bepalings neer vir die voorsiening, regulering en beheer van parkering en het ten doen om 'n veilige omgewing vir alle inwoners binne Overstrand se regsgebied te skep.

'n Afskrif van die verordening is beskikbaar op **www.overstrand.gov.za.**

VLYTIGE *JONG RUSSIESE DUO* HIER OM TE VERMAAK

Georgi Anichenko

Anastasya Terenkova

Op Saterdag 25 Oktober gaan Georgi Anichenko (tjello) en Anastasya Terenkova (klavier) die verhoog in die Hermanus-ouditorium betree. As 'n duo gaan hierdie twee jong Russiese kunstenaars Fantasiestucke Op 73 deur Schumann, Sonate No 3 Op 69 deur Beethoven en Grieg se Sonate vir Tjello en Klavier opvoer. **Die konsert begin om 19:00. Bespreek jou kaartjies - R100 vir volwassenes/R50 vir studente - by BELLINI 028 312 4988. Alle ander navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.**